higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

(8021002)

2 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

166Q1S2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy beide vrae in AFDELING D beantwoord sal slegs die eerste een nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B & C
3. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Laat 'n spasie en trek 'n streep oor die bladsy nadat elke vraag beantwoord is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Dui aan watter een van die volgende stellings korrek is:

A Personereg is daardie deel van privaatreg wat handel oor die regsposisie van mense en sake wat oor regsbevoegdheid beskik.
B Personereg is nie daardie deel van privaatreg nie wat handel oor die regsposisie van mense en sake wat oor regsbevoegdheid beskik.
C 'n Regspersoon is 'n regsobjek wat 'n persoon is (soos 'n maatskappy), maar oor pligte soos 'n lewende persoon beskik.
D A en C

1.1.2 Kies die mees korrekte stelling.

A Regsubjekte is mense of sake wat volgens die reg nie regte en verpligtinge het nie.
B 'n Natuurlike persoon kry sy of haar regspersoonlikheid wanneer hy/sy gebore word, en die regspersoonlikheid eindig wanneer die persoon sterf.
C A en B
D Regsbevoegdheid is die onmoontlikheid om regte en verpligtinge te hê.

1.1.3 Dui aan watter van die volgende stellings is nie korrek nie.

A Familiereg is die deel van privaatreg wat die verwantskap tussen 'n man en vrou bepaal.
B Familiereg is die deel van privaatreg wat die verwantskap tussen 'n ouer en kind bepaal.
C 'n Huwelik is 'n kontrak en nie een een van die partye moet ooreenkomstig die wet oor bevoegdheid beskik om te trou nie.
D A en B

1.1.4 Watter stelling is korrek?

A Albei partye moet tot die huwelik instem of ooreenkom.
B Jy mag met jou neef of niggie trou.
C Openbare beleid laat nie toe dat ouers met hul aangenome kinders trou nie.
D A en C

1.1.5 Kies die mees korrekte stelling.

A Roerende goed is items of sake wat geskuif kan word sonder om dit te beskadig, soos motors, meubels, kantoortoerusting, persoonlike besittings en troeteldiere.
B Onroerende goed is grond en enigiets wat aan die grond geheg is, soos geboue en huise.
C 'n Persoonlike reg het te doen met die belang wat 'n persoon in 'n wesenlike saak het.
D A en B

(5 × 1) (5)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n woord/item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Eiendomsagent	A	om 'n regsgeding teen iemand aanhangig te maak omdat een van jou regte oortree is
1.2.2	Serwituut		
1.2.3	Laste	B	wat jy skuld, skulde
1.2.4	Erflater	C	die plek waar formele kontrakte, veral oor die verkoop van grond, aangeteken word
1.2.5	Ongeregverdigde verryking		
1.2.6	Delik	D	'n onregmatige daad deur een persoon wat benadeling of verlies aan 'n ander persoon veroorsaak
1.2.7	Om iemand te dagvaar	E	'n persoon wat onroerende goed namens die verkoper verkoop
1.2.8	Aktekantoor	F	'n persoon wat 'n testament maak
1.2.9	Delik	G	'n spesiale soort reg wat een persoon oor die eiendom van 'n ander het, soos 'n reg van toegang
1.2.10	Noodweer	H	'n situasie waar iemand tot nadeel van 'n ander persoon bevoordeel word
		I	wanneer 'n persoon onregmatig optree om dood of benadeling te voorkom
		J	die onregmatige optrede van 'n persoon wat veroorsaak dat 'n ander persoon (die slagoffer) skade of verlies lei

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 'n Wedersydse mandaat beteken om deel te wees van 'n ooreenkoms wat deur 'n ander vennoot in 'n venootskap aangegaan is.

1.3.2 'n Openbare maatskappy moet ten minste sewe lede hê en dit mag aandele aan die publiek aanbied.

1.3.3 'n Beslote korporasie bestaan uit geboue en het regspersoonlikheid.

1.3.4 Sekwestrasie is die regsproses waar 'n natuurlike persoon deur 'n hof insolvent verklaar word en 'n trustee al sy/haar besittings oorneem.

1.3.5 Twee tipes verhandelbare instrumente bestaan, naamlik skuldbewyse en wissels.

1.3.6 Jy mag die inhoud van jou huis teen die risiko van 'n brand of diefstal verseker.

1.3.7 Die belastingjaar vir individue in Suid-Afrika is van 1 Januarie tot 31 Desember.

1.3.8 Twee noodsaaklike elemente van indiensnemingskontrakte is dat die partye nie oor spesifieke werk hoef ooreen te kom nie en dat albei partye oor die betaling moet instem.

1.3.9 Immateriële eiendomsreg staan ook as Intellektuele of Industriële Eiendomsreg bekend.

1.3.10 'n Patent is 'n onwettige beskermning van jou uitvinding sodat niemand anders dit kan namaak nie.

(10 × 1) (10)

1.4 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Die reg wat siviele geskille hanteer. Dit dek die verwantskap tussen private partye.

1.4.2 Die reg wat oor misdade en die straf vir misdade handel

1.4.3 Die hof wat klagtes ontvang en ondersoek wanneer onderhoud nie betaal word nie, en wat uitsprake oor betaling van onderhoud kan lewer

1.4.4 Die persoon wat die staat in kriminele sake verteenwoordig en wat die saak teen die beskuldigde maak

1.4.5 Die persoon wat sorg dat die werksaamhede van die hoër hof glad verloop, soos die organisasie van die hofrol en die uitreiking van hofdokumente

(5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Die geskiedenis van inheemse reg en die plek daarvan in die regstelsel is oor jare in Suid-Afrika gevestig. Verskillende inheemse-regstelsels kan in konflik wees, maar die howe hanteer dit doeltreffend.

2.1 Bespreek die algemene eienskappe van inheemse reg. (5)

2.2 Wat is die DRIE bronne van inheemse reg? (3)

2.3 Bespreek inheemse reg en die huwelik. (4)
[12]

VRAAG 3

Verskillende stappe is betrokke wanneer 'n aanklag in 'n kriminele hof gelees word.

Verduidelik wat met die *lees van die aanklag* ('reading of the charge') bedoel word. **[8]**

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 4

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Die reg en regsreëls is belangrik sodat elke land homself kan onderhou. Dit sal verseker dat mense in vrede en harmonie kan lewe. In Suid-Afrika is daar regsreëls, gemenereg, die reg, moraliteit en geregtigheid. Gemenereg speel 'n belangrike rol in ons samelewing aangesien dit op verskeie aspekte soos kontrakte van toepassing is en met die uitleg van wette help. Statutêre wette word gemaak om die regering se funksies en rolle duidelik te maak en om siviele orde te verbeter. Gebruike speel ook 'n belangrike rol in sakereg en internasionale handelsreg.

Beskryf gemeneregoortredings met verwysing na die rol van Gemenereg. **[5]**

VRAAG 5

5.1 Gee DRIE voorbeeld van regsreëls. (3)

5.2 Beskryf die konflik tussen bronne van die reg deur na die rol van wette in Suid-Afrika te verwys. (5)

5.3 Verduidelik kortliks wat elk van die volgende is:

5.3.1 Reg (4)

5.3.2 Moraliteit (4)

5.3.3 Geregtigheid (4)

5.4 Bespreek gebruike in sakereg deur na die rol van gebruike te verwys. (5)

[25]

30

AFDELING D

VRAAG 6

Die gevolge van 'n huwelik kan in persoonlike gevolge en vermoënsregtelike gevolge verdeel word. Persoonlike gevolge beïnvloed 'n persoon se regstatus en vermoënsregtelike gevolge gaan oor geld en eiendom.

6.1 Bespreek die huwelik binne gemeenskap van goed. (10)

6.2 Bespreek die huwelik buite gemeenskap van goed. (10)
[20]

OF

VRAAG 7

Die Suid-Afrikaanse Grondwet is in 1996 gefinaliseer en dit het 'n demokrasie in Suid-Afrika gevestig. Volgens die Grondwet bestaan die staat uit drie gesagstrukture en het Suid-Afrika ook drie vlakke van regering.

7.1 Noem die DRIE gesagstrukture en gee ook die doel van elkeen. (6)

7.2 Wat is die DRIE vlakke van regering in Suid-Afrika? (3)

7.3 Gemeneregoortredings word in VYF kategorieë verdeel.

Noem hierdie kategorieë en verduidelik elkeen. Vir 'n ekstra punt, verskaf 'n bykomende voorbeeld vir enige van die kategorieë wat genoem is. (11)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou